higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

(Tweede vraestel)

NKR VLAK 4

(4101064)

3 November 2022 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye en 5 addendums van 7 bladsye.

030Q2N2203

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 120

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings.

   AFDELING A: KORTER EN INTERMEDIÊRE FUNKSIONELE TEKS (50)
   AFDELING B: LANGER FUNKSIONELE EN REFLEKTIEWE SKRYFWERK (70)

2. Beantwoord AFDELING A en EEN vraag uit AFDELING B. Elke vraag in AFDELING B bestaan uit TWEE opdragte wat ALBEI beantwoord moet word.

3. Lees al die vrae aandagtig deur.

4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

5. Jy moet beplan, redigeer en jou skryfstukke proeflees. Die beplanning moet VOOR die skryfstuk wees. Alle beplanning moet duidelik aangedui word.

6. Trek 'n streep deur die beplanning as jy jou finale weergawe klaar oorgeskryf het.

7. Laat 'n reël tussen antwoorde oop.

8. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy.

9. ADDENDUM D en ADDENDUM E moet saam met die ANTWOORDBOEK ingegee word.

10. Let op die puntetoekenning by elke vraag.

11. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A: KORT EN INTERMEDIÊRE TEKSTE

VRAAG 1.1: AANSOEKBRIEF

NUWE TALE OPEN WÊRELDE!

Kom sluit aan by die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad (Pansat) en word deel van die veldtog om Suid-Afrika se veeltaligheid te bevorder.

Pansat beskik tans oor die volgende vakature:

- Promosie-bestuurder

Indien jy 'n dinamiese, energieke jong mens tussen 18 en 35 jaar is, wat maklik met ander kommunikeer en 'n oormaat inisiatief het, is jy die persoon waarna ons soek.
Indien jy minstens twee Afrikatale onder die knie het, waarvan een Afrikaans, en streef om die meeste van die land se 11 amptelike tale te kan praat, is jy nét die een vir die pos.

Kreatiwiteit, verantwoordelikheid en selfstandigheid is verdere vereistes vir die pos.
Jy moet rekenaarvaardig wees.

Stuur aansoeke aan:
Me. Cielie Steenkamp
Pansat
Privaatsak X 701
PRETORIA
0001

Sluitingsdatum: 1 November 2022

SITUASIE

Op 10 Oktober 2022 verskyn die bostaande advertensie in 'n Afrikaanse koerant. Jy is passievol oor tale.

OPDRAG

Skryf 'n AANSOEKBRIEF (100–120 woorde) vir die bostaande pos. Begin met ‘n toepaslike inleidingsparagraaf.
Verduidelik waarom jy vir die pos aansoek doen en wat jou die ideale kandidaat vir hierdie pos maak. Meld watter dokumentasie jy insluit. Stel jouself beskikbaar vir 'n onderhoud. Skryf die dekbrief aan me. Cielie Steenkamp.
Gebruik die riglyne vir 'n formele brief in ADDENDUM A (aangeheg).

ASSESSERINGSKAAL

INHOUD	TAAL EN STYL	FORMAAT
10	7	3

(20)

EN

VRAAG 1.2: CURRICULUM VITAE (CV)

SITUASIE
Wanneer jy aansoek doen vir 'n pos moet jy 'n volledige CV by die aansoek insluit met volledige, relevante inligting oor jouself. Gebruik die situasie in VRAAG 1.1 as agtergrond om hierdie vraag te beantwoord.

OPDRAG
Stel jou CV saam vir die pos waarvoor jy in VRAAG 1.1 aansoek gedoen het. Maak gebruik van die riglyne vir 'n volledige CV op ADDENDUM B (aangeheg).

ASSESSERINGSKAAL

INHOUD	TAAL EN STYL	FORMAAT
24	3	3

(30)
[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B: LANG FUNKSIONELE EN REFLEKTIEWE SKRYFWERK

Doen EEN vraag uit hierdie afdeling. Elke vraag bestaan uit TWEE dele.

VRAAG 2.1: BRIEF AAN DIE PERS

SITUASIE

Al hoe meer studente sukkel om aan die eise van die moderne lewe te voldoen. Angs kan enigiemand op enige ouderdom en op enige tyd tref – en die redes, intern en ekstern, is legio.

Jy besef dat baie studente met spanning en angs sukkel. Jy is omgekrap omdat té min aandag aan hierdie saak geskenk word en wil hierdie kwessie onder studente se aandag bring. Meer moet gedoen moet word om studente bewus te maak van die werklikheid van stressors in hul lewens en dat elkeen betyds moet hulp soek voordat spanning en angs hul lewens oorneem en moontlik vernietig.

OPDRAG
Skryf 'n BRIEF (120–180 woorde) vir die kollegekoerant waarin jy duidelik stel hoe jy oor hierdie saak voel.

- Verwys na die werklikheid van spanning en angs wat studente daagliks ervaar en noem redes hoekom jy hierdie brief skryf.
- Noem minstens TWEE voorbeelde van probleme wat studente ondervind wat spanning en angs kan veroorsaak.
- Gee TWEE moontlike oplossings vir hierdie probleme wat studente ondervind.
- Noem DRIE simptome wat studente kan ondervind indien hul aan spanning en angs ly.
- Noem TWEE eksterne oorsake in die samelewing / omgewing wat spanning en angs kan veroorsaak.
- Gee DRIE streshanteringstegnieke wat studente kan toepas om spanning en angs te help verlig.

Kopiereg voorbehou

Onthou, in hierdie brief gee jy slegs jou mening om die publiek bewus te maak van die probleem. Die redakteur kan nie die probleem oplos nie.

Gebruik die riglyne vir die uitleg van 'n formele brief ADDENDUM C (aangeheg).

ASSESSERINGSKAAL

INHOUD	TAAL EN STYL	FORMAAT
20	7	3

(30)

EN

VRAAG 2.2: TERUGVOERVERSLAG

SITUASIE

Jy is die voorsitter van die studente-ondersteuningsraad van jou kollege. Na aanleiding van die situasie in VRAAG 2.1 het die hoof van die kollege die ondersteuningsraad gevra om die omvang van **akademiese** spanning en angs op die geestesgesondheid van studente te ondersoek. Jy is besorg oor studente wat hierdeur geraak word en doen 'n deeglike ondersoek na die saak. Jy voer onderhoude met studente om moontlike oorsake van spanning en angs te identifiseer en kry inligting oor akademiese probleme wat studente ondervind om optimaal te funksioneer en te studeer. Ondersoek ook voorstelle oor hoe studente gehelp kan word om spanning en angs te verlig.

OPDRAG

Skryf 'n VERSLAG (250–350 woorde) op die vorm in ADDENDUM D (aangeheg).

Begin met die agtergrond waarin jy beskryf hoedat jy van die kwessie bewus geword het. Verwys na die doel van jou verslag.

- Meld oorsake wat akademiese angs en spanning by studente veroorsaak.
- Verwys na moontlike voorstelle om hierdie akademiese probleme te hanteer sodat studente meer effektief kan funksioneer en studeer.
- Doen aanbevelings oor hoe lektore kan help om studente se spanning en angs te verlig.
- Noem moontlike projekte wat die studente-ondersteuningsraad kan onderneem om studente en lektore meer bewus te maak van die werklikheid, en ook die hantering van spanning en angs wat studente ondervind.
- Jou verslag moet met 'n gevolgtrekking afgesluit word: word daar genoeg gedoen om studente te ondersteun sodat spanning en angs by studente verlig kan word?

ASSESSERINGSKAAL

INHOUD	TAAL EN STYL	FORMAAT
30	7	3

(40)

ÓF

VRAAG 3.1: RESENSIE

SITUASIE

As akademiese voorsitter van die Studenteraad van jou Kollege, kry jy die opdrag van die Kollegehoof om ‘n nuwe toepassing *(application*) wat spanning help verlig, te toets en ‘n resensie daaroor te skryf. Studente kan hiedie toepassing op hul selfone aflaai. Hierdie toepassing is daarop gemik om studente te ondersteun om angstigheid en spanning te help verlig. Dit bevat strelend musiek en allerlei ontpanningsoefeninge.

OPDRAG

Skryf jou eie RESENSIE (120–180 woorde) vir die kollege se nuusbrief oor die nuwe toepassing wat jy kon toets.

- Begin met 'n kreatiewe opskrif, naam van die toepassing en wie die vervaardigers is.
- Verwys na die doel, voordele, asook nadele daarvan.
- Bespreek die funksionering en gebruikersvriendelikheid van die produk.
- Noem die prys van die toepassing. Is dit goeie waarde vir geld of nie?
- Sê waarom hierdie produk volgens jou beter of slegter is as ander produkte.
- Stel jou eie opinie oor die toepassing duidelik.
- Dui aan waar en hoe dit afgelaai kan word.
- Moedig die studente aan om hierdie toepassing af te laai of waarsku hul daarteen.

ASSESSERINGSKAAL

INHOUD	TAAL EN STYL	FORMAAT
20	7	3

(30)

EN

VRAAG 3.2: BEREDENEERDE VERSLAG

SITUASIE

Volgens *Rapport* van 8 Augustus 2021 het telegeneeskunde, soos video- of telefoniese konsultasies, sedert die uitbreking van COVID-19 'n vastrapplek onder dokters en pasiënte gekry. Jy besef dat 'n afspraak met jou geneesheer via Zoom baie voordele kan inhou, maar wonder oor die risiko's en slaggate daaraan verbonde.

Jy is 'n lid van die studente-ondersteuningsraad van jou kollege en het besluit om dié saak te ondersoek. Jy het die saak met jou kampushoof bespreek en word gevra om dit te ondersoek. Jy moet 'n verslag oor jou navorsing in memorandumformaat saamstel en op 19 November 2022 aan die kampushoof oorhandig. Jy moet ook jou finale mening oor die saak in jou verslag aanteken.

Kopiereg voorbehou

OPDRAG

Skryf die BEREDENEERDE VERSLAG (250–350 woorde) wat jy by die kampushoof gaan ingee.

- Begin met 'n inleiding waarin jy die saak duidelik uiteensit.
- Verwys in jou verslag na die ondersoekmetodes wat jy gebruik het.
- Noem argumente oor moontlike risiko's wat aan telegeneeskunde verbonde is en noem ook voordele van video- en telefoniese konsultasies.
- Gee bewyse wat die argumente ondersteun.
- Jou verslag moet met 'n duidelike gevolgtrekking afgesluit word.
- Maak verskeie aanbevelings oor hoe tegnologie suksesvol deur studente aangewend kan word.

Gebruik die ADDENDUM E (aangeheg) om die verslag in memorandumformaat te skryf.

ASSESSERINGSKAAL

INHOUD	TAAL EN STYL	FORMAAT
30	7	3

(40)
[70]

TOTAAL AFDELING B: 70
GROOTTOTAAL: 120

Kopiereg voorbehou

ADDENDUM A

VRAAG 1.1: UITLEG VAN AANSOEKBRIEF

Sender se adres
DORP/STAD IN HOOFLETTERS
Poskode

x x x x x x x
Datum **OF** Datum
x x x x x x x
Ontvanger se adres
DORP/STAD IN HOOFLETTERS
Poskode
x x x x x x x
Aanhef
x x x x x x x
INHOUDSOPSKRIF IN HOOFLETTERS
x x x x x x x
Inleiding
x x x x x x x
Liggaam
x x x x x x x
Slot
x x x x x x x
Groet

Handtekening
NAAM IN HOOFLETTERS

Kopiereg voorbehou

ADDENDUM B **EKSAMENNOMMER:** | | | | | | | | | | | | | |

VRAAG 1.2: UITLEG VAN CURRICULUM VITAE (CV)

OPSKRIF (X)

Persoonlike besonderhede: (X)

Noem persoonlike besonderhede in blokvorm

Kwalifikasies: (X)

Noem kwalifikasies in blokvorm; begin met die mees onlangse kwalifikasie

Ondervinding: (X)

Noem toepaslike ondervinding in blokvorm; begin met die mees onlangse ondervinding en noem wat dit behels, waar dit gedoen is, wanneer en wie in beheer was.

Getuigskrifte: (X)

Nome dat TWEE getuigskrifte aangeheg word; verwys na wie die getuigskrifte geskryf het.

Verwysings: (X)

Noem een verwysings met alle nodige kontakbesonderhede.

Verklaring: (X)

Verklaar dat die inligting op die CV korrek en volledig is. Teken dit en skryf die datum by.

Kopiereg voorbehou

ADDENDUM C **EKSAMENNOMMER:** | | | | | | | | | | | | | |

VRAAG 2.1: UITLEG VAN 'N BRIEF AAN DIE PERS

Sender se adres

DORP/STAD IN HOOFLETTERS
Poskode

x x x x x x x
Datum **OF** Datum
x x x x x x x
Ontvanger se adres
DORP/STAD IN HOOFLETTERS
Poskode
x x x x x x x
Aanhef
x x x x x x x
INHOUDSOPSKRIF IN HOOFLETTERS
x x x x x x x
Inleiding
x x x x x x x
Liggaam
x x x x x x x
Slot
x x x x x x x
Groet

Handtekening
NAAM IN HOOFLETTERS

Volg dieselfde uitleg as vir 'n formele brief, maar jy mag 'n skuilnaam in plaas van jou eie naam gebruik. Die afsluiting van die brief is dan as volg:

SKUILNAAM

Handtekening

VOORLETTERS EN VAN of NAAM EN VAN

Kopiereg voorbehou

ADDENDUM D **EKSAMENNOMMER:** | | | | | | | | | | | | | |

VRAAG 2.2: TERUGVOERVERSLAG

MEMORANDUM

AAN: _____

VAN: _____

DATUM: _____

ONDERWERP: _____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

ADDENDUM D (vervolg) **EKSAMENNOMMER:** | | | | | | | | | | | | | |

(40)

ONTHOU OM HIERDIE ADDENDUM SAAM MET JOU ANTWOORDBOEK IN TE GEE.

ADDENDUM E **EKSAMENNOMMER:** | | | | | | | | | | | | | |

VRAAG 3.2: BEREDENEERDE VERSLAG

MEMORANDUM

AAN: _____

VAN: _____

DATUM: _____

ONDERWERP: _____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

ADDENDUM E (vervolg) **EKSAMENNOMMER:** | | | | | | | | | | | | | |

(40)

ONTHOU OM HIERDIE ADDENDUM SAAM MET JOU ANTWOORDBOEK IN TE GEE.

Kopiereg voorbehou